**Reeks:** Bewegings van die *Journey*
**Titel:** Van Selfgesentreerd tot Diens
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 16 Januarie 2011

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

"If you have gotten anything at all out of following Christ, if his love has made any difference in your life, if being in a community of the spirit means anything to you, if you have a heart, if you care, then do me a favour; agree with each other, love each other, be deep spirited friends.

Don't push your way to the front. Don't sweet talk your way to the top. Put yourself aside and help others get ahead. Don't be obsessed with getting your own advantage. Forget yourselves long enough to lend a helping hand. Think of yourselves the way Christ Jesus thought of himself.

He had equal status with God, but didn't think so much of himself that he had to cling to the advantages of that status no matter what, not at all. When the time came he set aside the privileges of deity and took on the status of a slave; became human.

Having become human he stayed human. It was an incredibly humbling process. He didn't claim any special privileges. Instead he live a selfless, obedient live and then died a selfless obedient death, and the worst kind of death at that; a crucifixion."
***Php 2:1-8 (The Message)***

Volgens 'n ou Joodse volksverhaal het 'n paar dissipels na die rabbi toe gegaan en vir hom gevra wanneer weet ons die nag is verby, die dag het aangebreek. Hy het dit dadelik na sy dissipels toe teruggegooi en vir hulle gesê, wat sê julle. Die een het gesê, wel, seker as ons na die horlosie kyk en dit is 06:00, toe sê die rabbi maar in die winter is dit nog donker 06:00.

Die ander dissipel het gesê wanneer jy 'n hond van 'n skaap kan onderskei. Die Rabbi het gesê en as die skaap vêr is en die hond naby is? Die dissipels het gesê ons weet nie. Help ons, rabbi. Die rabbi het gesê as jy in die gesig van iemand kan kyk en daardie persoon herken het die dag aangebreek. As jy na iemand kan kyk en sy gesig herken, dan het die dag aangebreek.

Ek wonder wat die Jode vir ons wil sê deur hierdie verhaaltjie waaraan hulle so vashou en bewaar in hulle tradisie. Wil hulle vir ons sê dat dit nag is as jy nie ander mense kan sien nie vir wie hulle regtig is nie, as jy hulle nie kan herken nie? Wil hulle vir ons sê dat eintlik leef jy nie regtig as daar nie ander mense is in jou lewe nie en as jy nie ander kan raaksien nie? Wil hulle vir ons sê dat dit baie belangrik is om te kan sien? As jy nie kan sien nie dan gaan jy nie kan lewe nie.

Johannes sê, die evangelie... die dissipel van die Here Jesus, dat ons lewe vandag in duisternis. Die Griekse woordjie mundus beteken letterlik ons lewe op 'n... in 'n donker plek. Hy sê want kyk net na die haat en die bitterheid en die jaloesie en die woede, en hy sê vir ons as ons... ons kan in die lig lewe. As ons in die lig lewe dan is daar liefde, dan is daar aanvaarding, maar hierdie wêreld is 'n donker plek.

Hierdie wêreld is 'n plek waar ons dikwels nie die gesig van die ander persoon sien nie. Ons het nie respek nie, ons erken nie, ons herken nie. 'n Kenmerk van die gees van ons tyd is dat osn behep is met ons eie lewe en dat ons intens bewus is van ons eie lewe, maar dat ons nie die realiteit van iets anderster om ons raaksien nie. So is dit vandag, dat ons nie die ervaring van ander mense as eg beleef nie.

Wat ek daarby bedoel is dat ons kan na ander kyk en hulle baie jammer kry, en simpatieke gevoelens en emosies en sentiment kan losgeraak word, maar hulle lewens is nie vir ons real nie. Ons kan net so vinnig ons rug op dit draai en aangaan. Dit is asof ons dit nie regtig sien nie en die ander persoon regtig raaksien nie. Ons is opgeneem met die realiteit van ons eie lewe. Ons leef in ons eie wêreld waarvan ons die middelpunt van is en dit lyk vir ons asof die dissipels dalk in so 'n duisternis geleef het.

Alhoewel hulle dissipels was van die Here Jesus loop hulle op pad Jerusalem toe en begin hulle onder mekaar te stry wie is die belangrikste tussen ons. Die Here Jesus het gepraat van 'n nuwe regering, 'n nuwe koninkryk wat Hy tot stand gaan bring, en nou is hulle besig om net hulle posisie en hulle plek in hierdie nuwe regering te negotiate met mekaar, en 'n mens kan die redenasies hoor. Die Bybel gee dit nou nie vir ons nie, maar ek wonder.

© Mosaïek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Ek wonder of Natanael gesê het, luister hier, ek is die oudste. Wie het die meeste ervaring en ondervinding tussen ons? Gaan dit nie maar vir die ou wat al beleef het nie, hê? Johannes: julle moes daar gewees het. Julle weet ek en Jesus is so. Hoekom dink julle spandeer Hy daardie ekstra tydjies aan my? Hy is besig om my voor te berei. Dis duidelik, hê?

Pertus: julle moes daar gewees het. Hy het gesê ek gee vir jou die sleutel van die koninkryk, help my. Wat beteken dit? Hê? Elke een... Jakobus: julle verstaan nie, julle ouens. Ek wil nou nie vir julle slegte nuus gee nie. Dis 'n familie business hierdie. Ek is sy bloedbroer; ons hou dit maar in die familie, hierdie ding.

Elke... Judas; ekskuus man, ek is tesourier. Julle dink nie ek wil dit altyd bly nie, nê? Ek het 'n posisie wat julle nie het nie. Dis 'n normale bevordering op na president toe. Nou baklei hulle met mekaar. Nou kom hulle by die huis en nou moet hulle voete was want hulle gaan saam eet. Dit was 'n gebruik gewees. Dit maak baie sin. As jy sandale dra in 40° hitte, daar is 'n chemiese reaksie wat plaasvind. Jy gaan eet met 'n ou se voete hier naby jou bord kos, dan gee jy eerder om vir sy voete as vir sy hande. Los jou hande, was jou voete asseblief, en nou moet hulle voete was, maar nou is die gebruik volgens die hierargie in die samelewing die ou heel onder, en dit was die slawe gewees, hulle was voete. Dis 'n kulturele gebruik. Daar is nie 'n slaaf wat vir hulle wag by die huis nie, waar hulle nou gaan eet nie, en nou kyk hulle na mekaar, okay, wie gaan voete... jy kan verstaan.

Ons het nou net baklei wie is nommer een. Ek kan nie nou sê count me out nie, so nou kyk ons na mekaar, en hier kom Jesus ingestap en hy begin hulle voete te was. Hy vat die skottel met die water, hy vat die doek, en hy begin hulle voete te was. Wat gebeur? Hy draai hulle hele wêreld om. Die hele manier hoe hulle kyk na die wêreld , hoe hulle kyk na mekaar, alles word nou uitgedaag deur hierdie daad wat Jesus doen.

Hy kom by Petrus. Petrus sê nee, Here, ek kan darem nie toelaat nie. Ek dink nie ek is president nie. U kan president wees. Ek sal onder U wees, en Jesus sê vir hom, maar Petrus, verstaan jy nie wat ek nou doen nie? As ek nie... as jy nie toelaat dat ek jou voete was nie dan het jy geen deel aan my nie, en Petrus, jy weet, dis daai impulsiewe, oordrewe wit / swart, die kant toe / daai kant toe tipe persoonlikheid; hy sê in daai geval, Here, nie net my voete nie; was sommer alles dat ek heeltemal kan deel word van alles van hierdie ding van hier af.

En Jesus sê ek laat vir julle 'n voorbeeld na. Dis 'n patroon. Dit gaan nie vir elkeen van ons dalk presies dieselfde wees nie, maar dis 'n voorbeeld. Op hierdie manier moet julle leef. Ek gee julle 'n opdrag. Julle moet mekaar se voete was. Dit is hoe hierdie lewe geleef word van my, en dan sê hy vir hulle jy sal salig wees as jy dit weet en as jy dit doen.

Daar is iets wat jy moet begryp van hierdie simboliek van voete was, van hierdie daad van voete was. Daar is iets wat jy moet begryp daarvan. Jy moet dit verstaan, jy moet dit weet, en dan moet jy die vermoë hê om iets daarvan te begin doen in jou lewe, en as jy dit regkry, sê die Here Jesus, dan sal jy salig wees.

Dit beteken nie jy sal hemel toe gaan nie. Die woordjie salig beteken... die amplified vertaling vertaal dit so: you'll be enviably happy. You will be spiritually prosperous with life joy. Hy sê die lewensvreugde gaan so in jou opborrel en bruis as jy daai lewe begin te leef en as jy dit begin te doen.

Hierdie week wat ek oor dit gedink het en met hierdie skrifte het ek gewonder wat beteken dit vir ons vandag, en hoe doen ons dit vandag om voete te was, en daar was drie begrippe wat by my vasgesteek het wat ek graag met julle wil deel vanmôre as uitnodigings om hierdie beweging in jou lewe teweeg te bring van duisternis na lig toe, van 'n lewe wat vasgevang is in homself om na buite te keer, om voete te kan was, om diens te kan doen.

Die eerste groot begrip is om aandag te skenk, om sensitief te wees vir ander en dit wat gebeur in jou lewe, met 'n bedagsaamheid, 'n attentiveness te leef. Ek dink die dissipels kon nie voete was nie omdat daar 'n gebrek was aan bedagsaamheid en aandag te skenk wat in hulle lewe en om hulle besig is om te gebeur.

Hulle was opgeneem met hulle eie lewe. Kyk, dis wat ek nodig het. As ek hierdie posisie kan kry, as ek gedien kan word, dan gaan ek regtig die lewe hê. Dis hoe hulle dink. Hulle sien mekaar nie regtig raak nie. Daar is labelling wat plaasvind, nê. Dis die ou man. Nee, dis die luie. Nee, maar dis... hy is die ou wat... hy is meer aangelê vir geld. Hulle het elkeen hulle rede hoekom ek vir daardie posisie is en die ander ouens nie vir daardie posisie is nie, maar hulle sien nie die gesig van die ander persoon werklik raak nie.

Dis die dinamika wat natuurlik in alle groepsvorming plaasvind, waar daar ookal 'n groep is en jy jou lewe saam met ander begin deel. In 'n gesin, by jou werk, as 'n student in die koshuis, vir ons as 'n kerk waar groepslewe... dieselfde. Jy kry kompetisie. Jy kry agterdog. Jy kry 'n agtergrond suspisie wat in die lug hang. Daar kan selfs

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

vyandigheid, agressie, wees wat in die groep lê as gevolg van hierdie hele manier van kyk. Die lewe gaan oor my. Dit is... maar hulle kan geen betekenis of sin of hoegenaamd enige waarde sien in 'n alledaagse kulturele gebruik van voete was nie. Jesus kry dit, maar hulle kry dit nie. Hulle kry niks besondere betekenis in die ander persoon se lewe nie. Die betekenis lê in my lewe, nie in die ander persoon se lewe wat in my lewe ingekom het nie, en hier is die uitdaging wat Jesus skenk, om totaal anderster te kyk na jou lewe.

Jesus roep ons op vir 'n nuwe wêreldbeskouing. Jesus roep ons op om in 'n ander manier te kyk na ander mense wat in jou lewe is, daai mense, hulle gesigte raak te sien. Jy weet, ek wonder as Jesus gesê het wie sal my voete was, want dink julle sou die dissipels doen? Hulle sou oor mekaar se voete geval het om Jesus se voete te was, want dis Jesus se voete.

Jesus wil nie hê hulle moet sy voete was nie. Hy vra sal julle mekaar se voete was. Dis nou bietjie anders. Jesus sê nee, dit is nie anders nie. Hy brei uit op hierdie lering later en hy sê as jy dit aan die geringstes van my gedoen het dan het jy dit aan my gedoen, sê Jesus. Besef jy dis ek wat na jou toe kom op hierdie manier? Kan jy iets van my sien in die ander persoon? Sien jy daai persoon se gesig regtig?

Hoe kyk jy na die mense wat in jou lewe kom? Is dit 'n dit, of is dit 'n jy? Dis 'n hy. Dis 'n mens wat na die beeld van God geskape is in wie Christus leef, in wie Christus werk. Wat is jou ingesteldheid teenoor die mense wat in jou lewe is en in jou lewe kom? Hoe kyk jy na die klein goedjies wat gebeur? Hoe kyk jy na daai goedjies? Is daar enige betekenis in die alledaagse, of is daar niks betekenis nie? Vind jy die betekenis in groot goed wat jy doen, of vind jy die betekenis ook in klein, onbenullige goedjies wat gebeur?

Weet jy, die interessante ding wat ons natuurlik uitvind in community, in gesinslewe en verhoudings waar jy met ander mense deel, die klein goedjies raak die groot goed. Jy weet, dis die respek waarmee jy ander mense hanteer wat die groot goed raak. Dis nie... jy weet, uit... mense werk nie vir die geld nie. Hulle werk vir dit wat hulle word deur die werk wat hulle doen, hê?

Dit is onuithoudbaar, al kry ek hoeveel geld, as daar nie respek is nie, as daar nie 'n aanvaarding is vir wie ek is en ek 'n bydrae kan lewer nie, dan raak geld irrelevant. Of is jy bereid om jou siel te verkoop en te sê dit maak nie saak nie, dis net vir geld waarvoor ek werk, en partykeer is ons op 'n plek, ek het nou net die geld nodig om te oorleef. Ek praat nou van om 'n lewe te leef, nie net om te oorleef nie, maar om te leef. Jy het baie meer as dit nodig.

In verhoudings het ons ontdek... Gary Smalley sê dat in sy navorsing lyk dit vir hom asof daar vyf groot maniere is waarop ons respek en waardering in die intieme verhoudings waarin ons leef kan inbring. Hy noem dit the five love languages, en dit is deur aanraking vir party mense, dit is vir ander klein geskenkies, dis vir ander mense deur net tyd te gee vir hulle, dis vir ander mense deur woorde van waardering uit te spreek, en vir ander mense is dit om takies uit die weg uit te rol, om my te help met onbenullighede wat vir my baie energie vat in my lewe, om net vir my takies af te handel. En nou wonder ek, jy weet, as jy dit hoor, weet jy wat is jou love language? Weet jy wat is die love language van die mense saam met wie jy leef?

Sy teorie is dat daar een is, en baiekeer twee van hierdie goed wat dominant is in jou lewe. Dis klein goedjies, hy sê maar dis hierdie goed wat 'n totaal ander spasie skep in die verhouding, en ek wonder of dit nie ook maniere is waarop ons kan voete was vir mekaar nie. Ons dink dilwels aan die groot goed wat moet gebeur.

In al die tyd wat ek in die bediening is wonder ek hoeveel keer ek 'n vrou hoor sê het, en al 'n paar keer 'n vrou baie naby aan my ook, dis nie die groot goed wat ek soek nie. Jy weet, want die man is geneig om te sê kyk na die huis, kyk na jou kar, kyk na die lewe, kyk na ons vakansie. Waar dink jy kom dit vandaan? Ek sloof my af net dat jy dit kan hê. Dis wat ek jou wil gee, dis alles in die lewe vir my, en sy sê dis nie dit nie, en die man het natuurlik 'n diep suspisie, ja, jy sê dit tot ons in die garage intrek.

Dan kry ek so 'n gevoel sy bedoel dit regtig, ek sal in die garage gaan bly want wat ek nodig het is ek wil jou hê. Ek wil connect met jou. Ek wil tyd hê, ek wil waardering hê. Ek wil jou respek hê. Ek soek iets anderster. Dit lê nie in die groot goed nie. Dit lê in hierdie klein goedjies, so dit is op hierdie maniere wat ons in die klein allegaadse goed mekaar se voete kan was as ons anders kyk na die ander persoon. Dis Christus wat na my toe kom op hierdie manier, jy weet, en al is die iemand waarvan jy sê dis so moeilik om Jesus in hom te sien.

Jy weet, Jesus sê in Matteus 25 julle het my besoek toe ek in die gevangenis was. Julle het my besoek toe ek siek was. Dis partykeer so moeilik om Jesus te sien, maar dit is hy. Dis daar. Dis in die vreemdeling. Dis in die ou wat jy glad nie ken nie. Daarom is daar die groot klem in die ou testament, in die wet, van hoe jy moet omgaan met vreemdelinge. Wat lê agter dit?

Dis hierdie hele ding dat dit ‘n manier is waarop daar geskenke in jou lewe kan inkom, hoe God na jou toe kan kom, en dis in die mense hier naby, by jou, en dit lê in daai klein goedjies wat jy kan doen, daai tyd wat jy afstaan, daai tyd wat jy so moeg is en jy voel ek wil nou net bietjie laai. Dis nou tyd vir channel surfing. Ek wil nou net so skiet deur hom vir die volgende halfuur om te kyk watter program gaan ek kyk, om te sê maar okay, ek los dit nou vir ‘n oomblik, ek gee aandag, ek luister, ek stel belang. Dis voete was, en miskien vir die man daai oomblik as sy sê hou my net vas vanaand. Jy wil baie meer gee, jy wil baie meer doen. Sy sê nee, net vashou, voete was, hê? Op soveel maniere, klein, aandag, attentive te wees vir die goedjies in die lewe.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Die tweede groot ding is ontlediging. Ontlediging. Een van die oudste liedere wat in die eerste kerk gesing is is opgeneem in die bybel in Filippense 2. Johan het van daardie woorde gevat vanoggend en ons het dit in ons gebedesang gesing, en ek dink hy het dalk ‘n beter wysie bygesit. Ons weet nie wat die wysie was in die eerste kerk nie. Dis wat hulle gehad het, en hierdie lied se woorde sê hy wat aan God gelyk was het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar hy het homself ontledig deur die gestalte van ‘n slaaf aan te neem en gehoorsaam te word tot die dood toe. He emptied himself.

Hy het die self... hy het hom leeg gemaak van die self deur te identifiseer met ‘n slaaf, deur die dinge te doen wat ‘n slaaf doen, wat eintlik nie heeltemal gepas is by wie hy eintlik is nie. Wow. Ons kry hierdie idee van wat selfontlediging is. Ons kry hierdie idee van hoe om jouself te ontledig, en nou sing die eerste kerk, nou sê hulle hierdie gesindheid wat in Jesus was, dis ‘n attitude, dis ‘n ingesteldheid teenoor die lewe. Hy sê dit moet ook in jou wees.

Doen dit, leef dit. Klein goedjies. Klein goedjies. Don’t sweet talk your way to the top. Don’t push your way to the front. Sulke klein goedjies. Hierdie groot ding wat Jesus doen, hy word vlees. Dit manifesteer in sulke klein goedjies soos hoe jy in die tou staan. Klink nie lekker nie, maar hulle sing dit, hulle sê dit oor en oor. Hulle sê dis die lewe, dis waar die lewe lê, kyk anderster na die lewe.

Kyk, ons lewe is totaal anders ingestel. Ons sê die lewe... maak jou lewe vol. Skep ‘n self. Moenie jouself weggee nie, skep ‘n self, kry ‘n self, word iets, word iemand. Jy moet dit doen. As jy dit nie doen nie gaan dit nooit gebeur nie. If it’s going to be it’s up to me. Moenie wag dat die skip inkom nie. Daai skip gaan nooit kom nie. Swem uit, vat jou skip. Annekseer jou skip. Gaan haal jou skip. Doen dit.

So, hoe skep ek ‘n self? Wel, bereik iets. Bereik iets groots. Staan uit. Sê goed wat ander ouens nie sê nie. Doen goed wat ander ouens nie doen nie. Kry wat ander ouens nie het nie. Staan uit, maar Jesus ontledig homself. Hy los die hemel. Hy staan uit. Hy is die Seun van God. Hy is in die hemel. Hy los dit. Hy word net soos ons. Hy smelt weg. ‘n Obskure plekkie in Israel 2000 jaar gelede, daar leef en bly hy.

Dis hoekom dit so moeilik is om te glo, want dis teen ons kultuur, die teen ons hele ding van hoe die lewe is en van hoe die lewe werk, maar dis waarnatoe hy ons uitnooi. Laat dit gaan. Hy sê luister hier, dis jy. Jou werk sê nie wie jy is nie, jy sê wie jou werk is. Jesus sê ek kan maar voete was. Ek kan maar, maar weet jy wat, dit maak nie wie ek... dit sê nie wie ek is nie. Dit maak my nie.

My identiteit lê nie in wat ek doen nie. Nee, dis nie waar ek dit kry nie. Ek het dit op ‘n ander plek gekry. Ek kry dit deur emptiness. Dis ‘n vreesaanjaende plek om na toe te gaan vir baie van ons, om leeg te raak van die self. As ek my lewe weggee dan kry ek hom. As ek myself verloën dan vind ek hom. As ek my kruisig dan... jy weet, dit klink nie... dis die lewe wat ons moet laat gaan, sê Jesus. It’s letting go of that, en dis met hierdie identifikasie, dis ook hy met wie ek ken, met wie ek omgaan.

Ons dink, ai, dit moet funksioneel wees. As ek moet iemand ontmoet, en weet jy wat, dis ‘n interessante ding wat ‘n klomp ryk ouens nou al vir my gesê het, ryk ouens wat hier in ons gemeente is wat vir my sê dis vir my so tough om diep, outentieke verhoudings te hê, want almal wat met my vriende is wil iets hê by my, so dit is ‘n funksionele verhouding. As ons diep... dan wonder ek nou weer, okay, wanneer... ja hier kom dit, nou vra hy my nou weer, nou wil hy weer dit hê, nou wil hy weer... hy is net met my pelle want ek hom nou weer kan kontakte gee en geleenthede gee en goed.

Ek... waar is... waar is dit waaroor... wat oor my gaan, hê? En dis... en dit is hierdie ontlediging dat ek vind dit nie in dit nie. Ek kan dit laat gaan. Ek kan genuine... en ek kan assosieer met die mense wat onder in die hierargie van ons samelewing lê, en ja, dinge het nie veel verander nie. Ons het vandag nog steeds ‘n hierargie in ons samelewing, en heel onder in ons hierargie lê wie?

© Mosaiek

Dis baiekeer die ou mense, dis arm mense, dis mense met AIDS, nê. Het jy enige behoefte om met hulle te connect, of om 'n vriendskap te hê met 'n fisiese of emosioneel, intellektueel gestremde persoon? Het jy? Nee, wat kan hy vir my doen? Wat kan hy vir my doen, en wat gaan ander dink as ek nou..., hê? Dit laat my nie goed lyk nie, en dis juis die uitnodiging, en ek dink deel van 'n ontlediging.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Wat Jesus gedoen het is om te identifiseer met die slaaf onder aan die samelewing. Ek wonder hoe sal dit wees. Hoe sal dit wees as jy 'n verhouding aanknoop met iemand wat nie iets vir jou kan doen eintlik nie. Wel, jy dink natuurlik hy kan niks vir jou doen nie, en die groot ontdekking deur mense wat hierdie pad stap...

Ek weet nie of julle... wie van julle by die... Trevor se storie gehoor het toe hy gaan kuier het by hierdie verstandelik uitgedaagde persoon, vir 'n jaar elke week by hom gaan kuier het, en skielik maak dit nie saak vir hierdie outjie wie is Trevor nie. Hy is 'n slim ou en hy is 'n prediker en hy het 'n boek geskryf. So what? Dit beteken nou niks vir my nie. Al wat hy het om te gee is hyself in daardie verhouding, en skielik is hy uitgedaag om 'n nuwe manier, jy, weet, om leeg te raak.

Nou moet ek ontslae raak van my suksesse van die verlede, my education, en kyk, nou tel dit niks nie. Wat het jy nou vir my om te gee hier waar ons nou bymekaarkom? Wat gebeur hier, nou, tussen ons, en dis 'n uitdaging, en dis miskien 'n uitnodiging. Het jy so iemand in jou lewe? Dit help jou op hierdie pad om te laat gaan van die goed waaraan jy vashou.

Ek dink egter dit is belangrik dat jy 'n self sal hê om 'n self te kan prysgee, om te kan laat gaan. Ek dink dat daar van ons is wat dalk nog nie 'n self probeer bou het nie en skep het nie. Ek meen, jy moet 'n ego hê om 'n ego te laat gaan, hê? As jy nie 'n ego het nie, wat laat gaan jy? Dan laat gaan jy nie, en so kan voete was die nuwe manier word waarop jy 'n self vind. Maak dit sin?

Ek het nie 'n self nie maar nou gaan ek voete was. Nou raak ek 'n self. Hey, het julle gesien hoe nederig is ek? Ek is half trots nou op besef julle hoe nederig is ek. Ja, dan raak dit... ek dink dit is soos met die Fariseers, dan raak dit 'n nuwe manier van die ego om te ontwikkel en uitdrukking te vind en jouself te kan vind in goeie dade en goed wat jy doen.

Ek wonder partykeer. Partykeer as hierdie celebrities, jy weet, so op loop gaan met hulle goeie dade, van die kinders wat hulle aanneem en, o, jy moet daar na Sudan toe gaan en daai mense help. Jy weet nie hoe wonderlik dit is om met hulle te werk nie en wat dit aan jou doen nie en hoe jy jou goed nou weer... dis maar net die self. Dis al waaroor dit gaan. Ek doen dit so ek voel beter. Ek doen dit want dan gee dit my perspektief op my lewe, jy weet.

Kyk, as jy eintlik in selflessness ingaan, en dis die woordjie wat gebruik is in die message vertaling wat ons lees; he lived a selfless life, dan raak jy onselfbewus van jouself. Jy is nie bewus daarvan hoe nederig jy is nie. Die oomblik wat jy bewus raak hoe nederig jy is, dan is jy nie meer nederig nie. Die oomblik as jy bewus hoe goed ek nou doen dan doen jy nie meer goed nie, hê?

Kyk, dis wat Jesus leer. Jesus sê daai ouens kom na hom toe, hulle sê vir hom maar wanneer het ons vir U iets gegee om te drink, wanneer het ons vir U iets gegee om te eet, in Matteus 25. Hy sê dit was toe ek in die gevangenis was. Dit was toe ek siek was. Hulle sê, o, ons het nie geweet nie. Onselfbewus. Ek doen dit net omdat dit reg is. Ek doen dit net omdat ek innige meegevoel het. Ek doen dit net omdat ek sien. Ek doen dit omdat ek jou gesig sien. Ek doen dit nie vir myself nie. Ek doen dit nie om goed te wees nie, onselfbewus na daardie plek toe te kan gaan.

Derde ding: verplasing. Verplasing. Jesus nooi die dissiples uit om hulleself te verplaas, uit die plek uit te tree wat vir hulle bekend is, die plek waar hulle in beheer is van. Hulle was gekondisioneer deur hulle kultuur en hulle opvoeding; dit is hoe die lewe werk. Fight your way, it's upward mobility. Dit is boontoe. Dit is veg jou... dis hulle hele kondisionering.

Jesus sê beweeg nou, verplaas jouself nou, beweeg uit jou comfort zone uit. Doen iets wat vir jou ongemaklik laat voel, wat vir jou laat voel, maar dit is nie reg nie. Doen dit. Wow. Kyk, dit gaan teen die etos van ons tyd. As daar iets is wat mense aanmekaar sê is jy oortuig my nou met my kop, nê, maar ek voel net dis nie reg vir my nou nie. Ek kan die nie nou doen nie want ek voel net nie... dit laat my net nie lekker voel nie.

Ek wag tot ek anders voel en dan sal ek dit doen, en Jesus; verplaas jouself. Die Engelse woord; displace. It's to move or to shift from a proper, ordinary place, sê die woordeboek. From an ordinary, proper place. Skuif, en dink

net 'n bietjie as jy met Jesus te doen kry dan vra hy vir jou verplaas jouself, jy weet, en jy voel nie dis... klim uit en loop op water. Wag 'n bietjie, dit voel nie vir my lekker nie, hê? Vir wie voel dit lekker?

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Nee, dit is... gaan vergewe. Nee, wag 'n bietjie, jy weet nie wat hier gebeur het nie. Besef jy wat gebeur het? Dis die heel tyd. Hy roep jou uit jou... verplaas jouself, en elke keer as die Here iemand roep, as hy Abraham roep dan sê hy Abraham, jy is ryk. Jy is die rykste ou in die wêreld. Jy leef in 'n dorp wat jy die erkenning het van al die mense. Jy het gemak. Jy het alles. Abraham, ek vra jou nou, los dit. Ek roep jou vir iets anders. Ek roep jou nie om in die ordinary proper place te funksioneer nie. Jy moet die vader word van baie nasies. Kom uit waar jy is, los dit, en hy moet kies. Gaan ek myself verplaas?

Kyk, groot goed gebeur met jou as jy jouself verplaas. Dis 'n plek van transformasie in jou lewe. Dis die plek waar jy met jou kwesbaarheid in aanraking kom. Dis die plek waar jy afhanklik word. Ek kan nie. Ek is uit my comfort zone. Ek is nie meer in beheer nie. Ek weet nie. Dis 'n onseker plek en spasie waarnatoe ek nou geneem word, en die Here sê dis waar ek jou wil vat, want dis waar die transformasie kan plaasvind in jou lewe. Ek het 'n roeping vir jou lewe, en die Here het 'n roeping vir elkeen van ons.

Hy roep elke een van ons om te verplaas. Is jy bewus daarvan? Weet jy wat is jou roeping? Kyk, dis iets anderster as jou beroep. Jy moenie die twee meng nie. Jy kan baiekeer 'n groot deel van jou roeping uitleef deur jou beroep. Ek dink baie min mense kan deur hulle beroep totaal hulle roeping uitleef, maar die twee moenie verwar word van mekaar nie. Jou roeping is wat vir die Here belangrik is. Dis waaroor hy met jou 'n gesprek gaan hê aan die einde van jou lewe en die begin van jou nuwe lewe aan die ander kant.

Kom ons praat net bietjie oor jou roeping. Hy is nie so... dis nie vir hom so belangrik wat jou posisie is en wat jou beroep is nie. Dis jou roeping wat tel vir jou geestelike lewe. Dis wat saak maak, en jou beroep kan verander, maar jou roeping bly dieselfde. Jy is hier met 'n spesifieke doel. Jy het gawes. Jy is aanmekaargesit om te dien, om 'n bydrae te maak op 'n unieke manier wat net jy kan, en as jy dit nie doen nie is hierdie wêreld 'n armer plek as jy doodgaan, want dis jou roeping om te wees, maar ook om iets te doen, om iets by te dra, en hy roep... as as hy jou roep dan sê hy vir jou skuif uit dit uit. Skuif, en ek wonder wat dit vir jou beteken.

Miskien beteken dit vir jou ek moet my roeping ontdek. Miskien beteken dit vir jou ek moet skuif uit my beroep uit. Miskien beteken dit vir jou dat ek kan nie my roeping ten volle uitleef in my beroep nie, en daar is iets wat ek parallel sal moet ontwikkel. Ek sal energie moet insit en iets langs dit waarvoor ek nie gaan geld kry nie. Dalk gaan dit my geld kos, maar ek moet dit doen, my siel eis dit van my lewe. As ek dit nie doen nie dan is ek nie gehoorsaam aan my roeping nie, aan my calling in hierdie lewe nie. Miskien is jy op daai plek.

Ek kry altyd hoendervleis as ek voorbeelde teekom van mense wat daardie bold stap in hulle lewe neem om hulleself te verplaas. Jy weet, Beyers Naude, predikant, ek gaan bly in Soweto. Why? Dit maak mos nie sin nie, man. Wat nou? Jy kan sy politiek bevraagteken. Jy kan klomp goed, maar net nie dit. Nee, kyk net na die daad, hê?

Henri Nouwen is 'n professor by Notre Dame. Dis die groot universiteit. Hy het alles. Hy skryf, hy publiseer, hy het alles. Hy besluit om die pastoor te word van 'n eenheid waarin verstandelik en fisies gestremde mense versorg te word. Hy besluit om sy lewe so te gaan deurbring. Wow, hê. Hoekom doen ouens dit? As ek kyk op ons eie staf, die geleenthede wat baie staflede gekry het om goed aan te pak en hulle sê ek los dit. Ek los geld, ek los posisie. Ek los klomp goed. Ek wil hier dit kom doen vir minder geld, vir geen posisie, vir agter die skerms iets te kan doen.

Verplasing beteken partykeer om te beweeg na ander... partykeer beteken dit om te omhels dit waarin jy nou is en dit waarin jy nou sit. Doen dit. Ek kan iets beter gaan doen as ek wil, maar ter wille van die community, ter wille van die diens wat ek verrig, bly ek hier. Iemand sê vir my ek het 'n geleentheid gekry oorsee. Dis 'n groot posisie, dis alles, maar ek kan nie gaan nie want dis my roeping wat my hou in hierdie posisie, in hierdie plek waarin ek nou leef, en die deure wat die Here vir my oopmaak nou met mense in hierdie community waarin ek leef, so ek wil bly.

Partykeer beteken dit as die wêreld jou verplaas en jy sonder 'n keuse op 'n plek beland, deur ouderdom, deur siekte, dat ek nie meer kan doen wat ek wil doen nie, en ek voel ek kan nie my roeping uitleef nie, om dit jou roeping te maak waar jy nou is.

Ek kry met ou mense te doen wat vir my sê ek kan niks meer doen nie, maar weet een ding, ek bid. Elke dag spandeer ek 'n uur in gebed. Ek is 'n mede arbeider. 'n Ander tannie sê vir my ek kan niks meer... ek kyk nou net

© Mosaiek

na my kleinkind. Dit is nou my calling in die lewe. Ek is deur omstandighede hier ingedruk, maar nou maak ek dit my roeping. Dit is verplasing. Ek verplaas myself nou om gehoorsaam te wees aan dit wat die lewe van my vra.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

So waar is jy in jou lewe? Is jy, soos... ons is seker almal op 'n plek waar ons sê kan ek net meer bewus raak, awakening. Here, o, ontwaking, net dat ons oë kan oopgaan, dat ons kan anders kyk na ons lewens, dat ons met 'n baie groter simboliese betekenis deur die lewe kan gaan om die mense wat in my lewe is net te kan raaksien, dat ek Jesus kan sien, en dat ek hulle kan dien, dat ek kan gee deur klein, onbenullige takies.

Miskien het ek net 'n groter bewustheid nodig waar ek leef. Miskien raak ontlediging vir jou duidelik en besef jy hoe jy vashou, hoe jy identiteit vind, hoe jy klim en hoe jy wil bo uitkom, en Here Jesus sê net laat dit gaan, ek sal jou vat waar ek jou wil hê. Ek sal jou vat. Dit bring soveel stres en siek en maagsere vir ons, daardie goed, laat dit gaan, en Jesus sê is jy bereid om jouself te verplaas, na 'n plek toe te gaan waar jy dalk nie wil gaan nie.

Hy sê dit vir Johannes. Johannes, is jy bereid om my te volg? Johannes 21:18, want ek sal jou dalk na 'n plek toe vat waar jy nie wil gaan nie, maar soos om dokter toe te gaan, jy wil nie daardie goed hê nie en jy wil nie... maar weet jy wat, dis die beste vir jou. Dis die beste vir jou. Daardeur gaan jy die lewe vind en kry soos nog nooit nie. Kom ons bid saam.

Vader, ons dank u dat ons vanmôre hier kan saam wees. Here, help ons om te kan verstaan iets van dit wat U gedoen het. Help ons om te kan glo dat, ten spyte van alles wat ons sien en hoor, die lewe lê waar U sê dit lê. Ag, deur die eeue is daar getuienisse van soveel wat vir ons sê dit is die pad, ons het die lewe so gevind, en help elke een van ons wat dit vir ons beteken in ons lewe nou, om net te kan dien waar ons is, om te kan sien, om bewus te kan wees, om te kan laat gaan, om te kan ontledig, om te kan verplaas. Ons vra dit in die naam van Jesus. Amen.

Mag jy in hierdie tyd wat voorlê en hierdie week wat voorlê 'n ontwaking beleef, met 'n nuwe bewustheid in jou wêreld ingaan om die gesig van ander raak te sien en die klein, onbenullige goedjies wat jy kan doen te kan aangryp om te kan dien. Amen.

© Mosaiek